LAZAROW Vivienne ?26/12/2005 in Kaapstad.Ma van Lindy, Peter, Robyn en Philippa.Ouma van Tami, Roy, Shaun, Kim en David.

LONCARICH John ?5/01/2006.Broer van Matt en Olga.

MOORE Michael William (Mickey) 01/03/1961---05/01/2006. Seun van Cynthia ,Cliff en Gary .(Pa reeds oorlede) Broer van Wendy, Michael, Celeste, Tyrell, Chaz, en Connor; Lynda, Martin en Marti.Begrafnis by DOVES 09/01/2005.

NITSCHMANN Chantal Begrafnis by Stellawood Crematorium Kapel 09/01/2006.

VAN DER WALT Roelf x Naomi Pa van Ian & Joy, Michelle & Dave en oupa. Begrafnis Christ Church Pinetown 10/01/2006.

VERNON Diane ?31/12/2006. Ma en ouma van Jo-Di, Tiffy ,Troy en kinders.

WARRYN DYER ?02/01/2006 Sterf tragies . x Ann. Pa van Sasha-Lee, Kyle, en Cloe. Seun van Liane Eve ,broer van Llywellyn en Rohan swaer van Jo-Anne, Robynne ,oom van Stuart ,Samantha, Ryan en Garryd.

WIERSMA Jack ?5/01/2006 x Joyce Pa van Linda, Jacky, en Sietze oupa van Karina, Charles, Renee, Lisa, Mike ,Ingrid en Harco en oupagroot van Racquel, Joaquim, Leeroy, Jean, Kira en Josh.Memorial by Flame Lily Park Saal Queensburgh.

MEMORIAMS:- HAYHOW Maureen Lilian 28/12/1932---5/01/2004 x Dennis, Ma en ouma.

JOLLOFFE Clyde x Una ,Pa van Gary en Wendy oupa van 4 kleindogters.

NURSE Cleve Watson ? 4/01/1956. Pa van Watson.

VAN NIEKERK Leigh-Anne ?7/01/2005 Ouers en broer Vaughan.

VAN WYK Jeremy Andrew van Ma, Nici en Aimee.

Gegroet uit Durban
Waar dit nou elke nou en dan reen.
Aletta Magrieta (Rita) QUEBBEMANN
*STEENKAMP
Durban.
Suid Afrika
Tel: 031--205 5105

Message: 3
Date: Sun, 8 Jan 2006 08:25:52 -0500
From: "Marlene \ (Meerkat\) Spies" <meerkat@rogers.com>
Subject: (Vrystaatse) argiewe

Môre, mense!

Kan iemand asseblief die stappe verduidelik oor hoe mens te werk gaan om dokumente (sterfkennisse, ens) by die (Vrystaatse) argiewe aan te vra om te besigtig, fotostateer of af te neem? Ook dalk die telefoonnommer en adres of naby waar die argiewe in Bloemfontein is. As dit iewers op 'n webwerf verduidelik word, gooi my maar net soontoe, asseblief!

'n Vriend het belowe om daar 'n draai te maak vir my as hy weer in Bloemfontein kom, en vra riglyne sodat hy nie "droogmaak" nie.

Baie dankie! Antwoord sommer direk na my adres toe om nie die lys te besig te maak nie, asseblief. meerkat@rogers.com

Marlene in Kanada (voorheen Vrystaat)

~~~~~  
Vanne: SENEKAL / SCOTT / NORTJé (of NORTIER) / VAN DER WALT / ZIEHL / KROG / STRYDOM  
~~~~~

Message: 4

Date: Sun, 8 Jan 2006 16:25:19 +0200

From: "Daniel Jacobs" <dmjacobs@gendata.co.za>

Subject: SLAG VAN BLAAUWBERG - HUMAN, MOSTERT, SWART, THEUNISSEN, LINDE, PIETERSE, DE KOCK EN RABE

Beste Andre

Met 'n vinnige deurblaai deur DW Krynauw se boek Beslissing by Blouberg. Triomf en tragedie van die stryd om die Kaap, Tafelberg, 1999 het ek op bl. 99 die volgende raakgelees:

Daar is na die slag aanbeveel dat "die volgende burgers wat hulle dapper gedra het op die slagveld" plase toegeken moes word nl. "ritmeesters Linde en Human, kapteins S.D. de Kock en N. Linde en manskappe P. Pieterse, K Swart, J Rabe, D. Lourens en M.W. Theunissen. Burgers H.J. Human en P. Mostert kry ook plase as blyke van waardering vir die dienste van hulle broers Jurie Johannes Human en Johannes Mostert, wat in die slag gesneewel het."

Groete

Daniel Jacobs

Webtuiste: www.gendata.co.za

E-pos: dmjacobs@gendata.co.za

Tel: 0842499579

Siebrits/du Toit/Meyer/Zeeman/De Villiers (Franschhoek/Paarl)

Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)

Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)

Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)

De Vos (De Doorns/Wellington)

Malan (Wellington/Zeerust)

Ungerer (Swellendam)

Smith (Wellington)

----- Original Message -----

From: "sastamouers" <andre@rensburg.com>

To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>

Sent: Sunday, January 08, 2006 10:23 AM

Subject: [SA-Gen] Re: SLAG VAN BLAAUWBERG DIE NAWEEK HERDENK - DIE BURGER WES-KAAP

Hallo Kammie,

Ja dit is hier waar ons as genealoe 'n bietjie kan help, want ons stel ook belang in ons voorgeslagte wat voorheen maar net in die voetnotas verskyn het (Kammie, 'n baie mooi woordebeskrywing).

Blykbaar was daar 54 "Javanese artillerymen". volgens Tim Cousens: http://battle.blaauwberg.net/battle_of_blaauwberg_by_tim_cousens.php

"He had some 16 field guns manned by 54 Javanese artillerymen called Mardykers (a name derived from Campon-Mared, an area in the East Indies). One hundred slaves also helped in the moving of the artillery"

Daar is ook op die webwerf die volgende bladsy wat inligting verskaf oor die "Cannon Association of SA", dalk kan hulle help met die goeie vrae wat jy vir Majoor Steenkamp gevra het. http://battle.blaauwberg.net/cannon_association_of_south_africa.php

Hulle kontak word gegee as:

Gerry de Vries : Acting Secretary - noongun@mweb.co.za

www.geocities.com/noongun

Op die selfde webwerf

http://battle.blaauwberg.net/the_treaty_tree.php

Word daar gepraat van die "treaty tree", mbt die Slag van Blaauwberg. Maar my oog het op die volgende baie interessante stukkie inligting geval:

"The nearby milkwood tree, miraculously preserved, goes back to the early 1500's when it was known as the "Old Slave Tree". In 1509, 64 of d'Almeida's Portuguese sailors were massacred by the Hottentots near the tree.

At the end of the last century there still lived in Woodstock a lady, Rachel Bester, who had seen the slave dealers proclaiming the qualities of their human goods under that tree. Slaves were hanged from the huge branches during Rachel's childhood.

The tree has now been securely fenced to save it from the fate of another aged tree, which was chopped up for firewood in recent years."

Hier wag 'n taak vir iemand, om die foto te kry van die boom en dan op ons fotki databank te gaan bewaar. Hierdie is mos van onskatbare geskiedkundige waarde.

Groete
Andre v R

Kammie <kammie@n...> wroete:

>
> Hi Andre
>
> Tydens 'n gemeenskap radio onderhoud by Melbosstrand het ek juis die
> vraag aan Majoor Willem Steenkamp, die militere historikus gerig rondom
> die lys van vermiste name mbt die gewone lede van die Javaansche
> Artillerie wat aan die veldslag deelgeneem , sodat hulle onthou en erken
> kan word as meer as 'n voetnota in Suid Afrikaanse geskiedskrywing.
>
> Verder wou ek by hom weet op watter gronde is besluit om waardevolle
> militere hardware soos die kannone toe te vertrou aan vrywilligers
> verbonde aan die Javaansche Artillerie wat intensiewe opleiding vereis.
> Wat was die kriteria vir werwing van sodanige vrywilligers ? Moes hulle
> 'byvoorbeeld n goeie oog en hand ko-ordinasie openbaar of goeie afstand
> skattings maak by die vuur van die mobiele Lantaka kanonne of was hulle
> alreeds bekend met die hantering van die Indonesiese ingevoerde Lantaka
> kanonne?
>
> Kammie
> Kaapstad

Message: 5

Date: Sun, 8 Jan 2006 09:19:20 +0200

From: "Adela" <mwadela@mweb.co.za>

Subject: Re: Nuwe lyslid

Welkom terug Pieter.

Adela MEYER

----- Original Message -----

From: "Piet Venter" <pietven@intekom.co.za>
To: "SAGenealogie" <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Wednesday, December 28, 2005 9:37 PM
Subject: [SA-Gen] Nuwe lyslid

.

Groete

Piet Venter
pietven@intekom.co.za
2005-12-28

Message: 6

Date: Sun, 8 Jan 2006 15:24:59 +0200
From: "Adela" <mwadela@mweb.co.za>
Subject: Nog JOUBERT's

Lys vriende,

Nou hier is weer van die JOUBERT's wat julle as dit moontlik is vir my mee kan help.

Ek is op soek na die datums en ander inligting rondom die kinders.

b8cld8

Daniel JOUBERT * 18 Feb 1759 x Louisa Jacoba KRIGE.

Johannes Francois
Petrus Jacobus
Margaretha
Gideon Johannes
Willem Adolph
Anna
Elizabeth Geertruy Sophia
Martha
Louisa
Jacobus Stephanus
Johanna

Daniel Hermanus x 05 -02-1809 Elizabeth Maryna DE VILLIERS xx Petronella Johanna
JOUBERT(agterkleinkind van Pierre Joubert Jean/ de Villiers

Ek hoop regtig iemand kan my help

Adela MEYER
Albertinia

Message: 7

Date: Sun, 8 Jan 2006 16:40:36 +0200
From: "Annelie Els" <annelie@who-els.co.za>
Subject: PIETERSE in Blauberg Slag

VAN DANIEL :-

Daar is na die slag aanbeveel dat "die volgende burgers wat hulle dapper gedra het op die slagveld" plase toegeken moes word nl. "ritmeesters Linde en Human, kapteins S.D. de Kock en N. Linde en manskappe P. Pieterse, K Swart, J Rabe, D. Lourens en M.W. Theunissen

Ja-nee daar het jy dit nou. Ek kan al sien hoe gaan Alta die ou geraamtes behoorlik laat "rattle" om daardie Pieterse op te spoor. Laat iemand nou weer vir my sê dat die "ou-beendere" soegtog van my is vervelig. Voorspoed met jou soektog Alta.

Sel: 082-490-9160

E.pos: davidvdm@absamail.co.za

Vanne: Vd Merwe; Vd Merwe; Van Eck en Du Preez

Message: 9

Date: Sun, 8 Jan 2006 20:04:39 +0200

From: "Dennis Pretorius" <krugersdorp@pixie.co.za>

Subject: Re: Hulp benodig

Hallo David

Probeer die NAAIRS databasis by www.national.archives.gov.za en soek vir 'n Egskeidingssaak tussen die twee partye. Alle egskeidings in Transvaal tot 1980 is in twee volumes opgeteken nl TAB WLD en TAB TPD

TAB TPD - Transvaal Provincial Division

TAB WLD - Witwatersrand Local Division

Witbank/Middelburg sal waarskynlik TAB TPD wees

Tik die volgende kombinasie in die soekblokkies:

Gerhardus
Vorster
Merwe
Machteld

Miskien moet jy dan vir 'n boedelleer soek deur die volgende soek:

Machteld
merwe
prinsloo
Anna
Maria

dalk kry jy haar boedelleer

Ek het gekyk in die 1984 kieserslys - sy was nie daar as mev Prinsloo nie. Vermoedelik toe reeds oorlede.

Voorspoed

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika
Commercial Genealogical Researcher/Kommersiële Genealogiese Navorsers
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

----- Original Message -----

From: "David vd Merwe" <davidvdm@absamail.co.za>

To: "SAGenealogie" <SAGenealogie@yahoogroups.com>

Cc: "Melville Janet" <jmelville@xsinet.co.za>

Sent: Sunday, January 08, 2006 7:26 PM

Subject: [SA-Gen] Hulp benodig

Naand vriende

Ek soek ook asseblief hulp van al ons kenners en die wat iets weet of enige een wat 'n bydrae kan maak.

Ek het die volgende inligting wat ek by ons goeie en hulpvaardige vriendin, Janet Melville, gekry het. Dit kom uit die Van Eeden boek/bron.

1. Machteld Gertruida Anna Maria vd Merwe * 14/09/1926 (dv Paul Jacobus vd Merwe en Susanna Petronella Maria van Eeden) x met 'n ene N.M. Prinsloo. (Haar pa en ma is albei in Witbank of distrik gebore en haar ma is op Ogies oorlede en begrawe)

Nou vind ek op die Vorster weblad die volgende inligting.

2. Gerhardus Marthinus Vorster * Ogies 23/02/1922 ~ 16/04/1922 ? 25/11/1979 Vierfontein, Ogies
X Witbank 19/06/1943 met Machteld Gertruida Anna Maria vd Merwe.
Hulle het een kind Ferdinand Petrus Vorster * 20/07/1945 ~ 28/10/1945 Witbank.
Gerhardus is toe weer getroud op 2/10/1954 met Maria Isabella Kruger * 21/06/1938.

Daar word niks gemeld of sy eerste vrou Machteld oorlede is of dat hulle geskei is nie. Ek vermoed dat hulle dalk geskei is en dat sy toe weer getroud is met Prinsloo soos genoem in nommer 1.

Kan enige iemand dalk vir my meer inligting gee of enige bevestiging dat dit so is?

Baie dankie vir julle hulp vriende.

David vd Merwe
Posbus 249
Montagu
6720
Tel / Faks: (023) 614-2761
Sel: 082-490-9160
E.pos: davidvdm@absamail.co.za
Vanne: Vd Merwe; Vd Merwe; Van Eck en Du Preez

Message: 10
Date: Sun, 08 Jan 2006 22:49:08 -0000
From: "sastamouers" <andre@rensburg.com>
Subject: Re: SLAG VAN BLAAUWBERG -

Hallo Daniel
Ja jy is een van die ouens wat altyd probeer help. Die bietjie inligting gaan mos andere onder ons geledere aanspoor om meer oor hulle uit te vind. Daar het ons nou die name van sommige wat gesterwe het onder die burghers, maar ons het nog niks oor al die ander nie.

Jy gee ook inligting oor burghers wat aanbeveel was om plase te kry as gevolg van hulle dapper dade.

Die natuurlike vrae is:
Vir watter dapper dade?
Wie het die aanbeveel? Die Engelse of mede burghers ? Dit is nogal eienaardig want daar was mos toe 'n oornome deur die Engelse.

Ek wonder ook wat geword het van die 54 Javanese (Mardykers), sou hulle teruggekeer het na Batavia, of het hulle aangebly aan die Kaap en nageslagte gehad?

Groete
Andre v R

"Daniel Jacobs" <dmjacobs@g...> wrote:
>
> Beste Andre
>
> Met 'n vinnige deurblooi deur DW Krynauw se boek Beslissing by

Blouberg.
> Triomf en tragedie van die stryd om die Kaap, Tafelberg, 1999 het ek op bl.
> 99 die volgende raakgelees:
>
> Daar is na die slag aanbeveel dat "die volgende burgers wat hulle dapper
> gedra het op die slagveld" plase toegeken moes word
nl. "ritmeesters Linde
> en Human, kapteins S.D. de Kock en N. Linde en manskappe P. Pieterse, K
> Swart, J Rabe, D. Lourens en M.W. Theunissen. Burgers H.J. Human en P.
> Mostert kry ook plase as blyke van waardering vir die dienste van hulle
> broers Jurie Johannes Human en Johannes Mostert, wat in die slag gesneuwel
> het."
>
> Groete
>
> Daniel Jacobs
> Webtuiste: www.gendata.co.za
> E-pos: dmjacobs@g...
> Tel: 0842499579
>
> Siebrits/du Toit/Meyer/Zeeman/De Villiers (Franschhoek/Paarl)
> Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)
> Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)
> Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)
> De Vos (De Doorns/Wellington)
> Malan (Wellington/Zeerust)
> Ungerer (Swellendam)
> Smith (Wellington)
>
>
>
> ----- Original Message -----
> From: "sastamouers" <andre@r...>
> To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
> Sent: Sunday, January 08, 2006 10:23 AM
> Subject: [SA-Gen] Re: SLAG VAN BLAAUWBERG DIE NAWEEK HERDENK - DIE BURGER
> WES-KAAP
>
>
> Hallo Kammie,
> Ja dit is hier waar ons as genealoe 'n bietjie kan help, want ons
> stel ook belang in ons voorgeslagte wat voorheen maar net in die
> voetnotas verskyn het (Kammie, 'n baie mooi woordebeskrywing).
>
> Blykbaar was daar 54 "Javanese artillerymen". volgens Tim Cousens:
>
> http://battle.blaauwberg.net/battle_of_blaauwberg_by_tim_couzens.php
>
> "He had some 16 field guns manned by 54 Javanese artillerymen
called
> Mardykers (a name derived from Campon-Mared, an area in the East
> Indies). One hundred slaves also helped in the moving of the
> artillery"

Message: 11
Date: Sun, 08 Jan 2006 23:00:40 -0000
From: "sastamouers" <andre@rensburg.com>
Subject: Re: Kruger se Staatsministers

Vir die van julle wat belangstel:

Ek het ook by 'n vriend Alwyn Smit gaan aanklop ivm met hierdie foto in wie die persone was. Ek het die inligting bygevoeg by SAGenealogie se fotki fotodatbank.

Maar sommige sou dalk die inligting kan gebruik daarom plak ek dit maar ook hier, Groete Andre v R :

Wat die foto betref:

Die foto se byskrif is verkeerd wat die woord "Staatsministers" betref, want dit was nie hulle portefeulje nie. Die geleentheid was 'n veldkornette-byeenkoms in 1884 aan die huis van oud-veldkornet Thomas Maartens op Potchefstroom. Die persone is van links na regs (staande): Gert van Vuuren (Krugersdorp), Albertus van Vuuren (Potchefstroom), Van der Merwe (Marico), Robinson (Krugersdorp), Thomas Maartens (oud-veldkornet), Christoffel van der Merwe (Potchefstroom), Christiaan van Vuuren (Krugersdorp), Rooi Gert van Vuuren (Krugersdorp).

Sittende: Dr Leyds en president Paul Kruger.

In Jacques Malan, Die Boere-offisiere 1899 - 1902, p.105 kry ek die volgende (woordeliks aangehaal):

Jan Thomas Martins (Maartens) is in 1843 gebore en op 7 Oktober 1901 op St Helena oorlede. Hy was van die plaas Jachtfontein in die Potchefstroom-distrik. In 1864 was hy reeds veldkornet vir die wyk Gatsrand en tydens die oorlog teen Mapocho in 1884, was hy kommandant.

In die Tweede Vryheidsoorlog was hy kommandant van die Potchefstroom-kommando wat onder generaal Piet Joubert geval het. Met Cronjé se oorgawe op 27 Februarie 1900, is hy ook gevang en na St Helena gestuur.

André, let daarop dat die foto dus heel waarskynlik op sy plaas Jachtfontein geneem is. Let verder daarop dat hy volgens Jacques Malan se Boere-offisiere 1899 - 1902, p. 105 skynbaar beter bekend as Martins (met een "a" gespel) was, maar dat hy wel ook as Maartens (met twee a's) bekend was.

Ek hoop dat die inligting jou min of meer tevrede sal stel.

Vriendelike groete.

Alwyn.

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "sastamouers" <andre@r...> wrote:

>

> Ek wil graag weet wie was hierdie ministers van President Paul Kruger,

> ek het die foto op ons SAGenealogie se fotki gaan plak. Ek wil veral

> weet wie die persoon is wat reg agter Paul Kruger staan, hy het

> nie 'n

> baard nie.

>

>

> <http://public.fotki.com/SAGenealogie/abo/offisiere/krugerministers2.htm>

> l

>

> Vriendelike groete

> Andre v R

>

Message: 12

Date: Mon, 9 Jan 2006 12:36:59 +1100

From: "Colin Pretorius" <lists@fmxau.com>
Subject: Pretorius bywerkings

Middag almal

hier vroeg in die nuwe jaar wil ek sommer van die geleentheid gebruik maak om te vra dat as julle enige bywerkings/regstellings aan die Pretoriusboek het, of nuwe inligting of veral fotos, om dit asb aan my te stuur.

Groete
Colin Pretorius

Message: 13

Date: Mon, 09 Jan 2006 08:03:06 +0200
From: "Willeen Olivier" <wolivier@deat.gov.za>
Subject: Re: [SOUTH AFRICA-Gen] Pretorius bywerkings

Hello Colin,
Ek het hier kort voor kersfees lank met oom Sieg (Siegfried Marnewick Pretorius) gesels, hy het 'n geheue soos 'n olifant! Hy het my baie gehelp met die Bosmans, maar ek het ook sy Pretorius goed neergeskryf, ek moet dit nog net oortik. Ek is ongelukkig in 'n redelike haas om my Olivier goed reg te kry vir 'n oom se verjaardag, so as jy net nog so paar weke aanhou, kan ek daarby uitkom. Oom Sieg is in die Pretorius-boek, ek sal alles van hom af verder vir jou stuur.

Willeen

>>> lists@fmxau.com 06/01/09 03:36:59 >>>
Middag almal

hier vroeg in die nuwe jaar wil ek sommer van die geleentheid gebruik maak om te vra dat as julle enige bywerkings/regstellings aan die Pretoriusboek het, of nuwe inligting of veral fotos, om dit asb aan my te stuur.

Groete
Colin Pretorius

Message: 14

Date: Mon, 9 Jan 2006 07:24:56 +0200
From: "Blikkies" <fanie@blignaut.co.za>
Subject: Beeld van 09 Jan.2006

IZATT: Michéle + 09/01/1991. Word onthou deur jou man James, kinders Wayne, Tracey, Wendy, Ruby en Jonah. (Beeld - 09/01/2006)

POTGIETER; Vivian Jeanette, in lewe van Edenvale, Germiston, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: NG Kerk, h v Sewende Laan en Vierde Straat, 11/01/2006, 10:00 # Zuurfontein Begraafplaas, Kempton Park, Gauteng provinsie. (Beeld - 09/01/2006) AVBOB, Edenvale, 011-609-7003.

VENTER: Frederick Johannes, ID-68046 5090 081, contact Amanda DU TOIT at Roodepoort Child Family Welfare Organization on 011-763-1139, in connection with the adoption of Shiriska, Sanay & Lee VENTER. (Beeld - 09/01/2006)

Groete,

Blikkies Blignaut,

Vanderbijlpark.

Message: 15

Date: Mon, 9 Jan 2006 09:31:25 +0200

From: "Andrew Kok" <jako@lw.rau.ac.za>

Subject: RE: Hugo

Hallo Anina

Ek verwys na jou skrywe hieronder:

Ek dink jy moet deur die Ceres doopregister gaan werk om die persoon op te spoor. Van die name is vir my net te bekend en ek vermoed hierdie persoon haak hier.

Johannes Charl HUGO "Jan" â?? 03 May 1834. + 04 Oct 1890 te Welgemoed, Ceres. Jan boer te Sterkwater en Welgemoed, Ceres.

Jan X (1) Helena Johanna Christina DU TOIT dv Jan Gabriel DU TOIT en Johanna Maria Wilhelmina DU TOIT 12 May 1864 te Wagendrift, Ceres. Helena * Wagendrift. â?? 15 May 1840. + 11 Jul 1886 te Sterkwater, Ceres.

Kinders:

i. Johanna Wilhelmina Maria HUGO was born on 08 Mar 1865. She died on 17 May 1941. HANNA

ii. Aletta Maria HUGO was born on 30 Apr 1867.

iii. Jan Gabriel Charl HUGO was born on 15 May 1869. He died on 08 Mar 1942.

iv. Petrus Jacobus HUGO .

v. Francois Johannes HUGO was born on 15 Aug 1873. He died on 08 Feb 1912 in Zwartklip, Calvinia.

vi. Helena Johanna Christina HUGO was born on 21 Sep 1877. She died on 13 Mar 1952. DAISY

vii. Anna Elizabeth Margarita HUGO .

viii. Gerhardus Jacobus Wilhelm HUGO "Gert" was born on 16 Mar 1882.

Johannes XX (2) Margaretha Jacoba HUGO dv Carel Francois HUGO op 04 Jan 1887 te Welgemoed, Koue Bokkeveld. Margaretha * 13 Sep 1844. + 11 Jun 1909.

Dit lyk of hy dalk tussen 1873 en 1877 kan inpas, of net na 1882, of as 'n eerste kind uit die tweede huwelik. Hy kon moontlik sy broer en twee susters vernoem het.

Hoop hierdie help jou nou nie van die wal af in die sloot nie.

Groete

Andrew Kok

Message: 15

Date: Fri, 18 Nov 2005 11:06:15 +0200

From: "Anina Spies" <aninaspies@lantic.net>

Subject: John Charles Hugo

Hallo Almal

Ek het 'n interessante geval vir al die slim mense.

Ek help op die oomblik 'n persoon om sy kwartiestaat te doen. Sy Oupa was 'n John Charles Hugo wat in 1947 in die ou Transvaal oorlede is. Wat dit ingewikkeld maak, is dat John Charles Hugo blykbaar nie sy regte name was nie. Die familie weet nie

wat die regte name was nie. Hy het tydens, of na die Boereoorlog uit die Kaap uit gevlug omdat hy volgens oorlewing 'n veroordeelde rebel was.

By die TAB is daar 'n Jan Charl Hugo wat "also known as John Charles" maar die se dokumente se datum is eers in 1971. (Dit kan natuurlik wees dat sy vrou toe eers oorlede is, maar die name van die vrou stem ook nie ooreen nie.)

Volgens die inligting wat ek het was hy getroud met Maria Catharina Bezuidenhout. Hulle kinders is :
Francois Johannes Hugo
Johannes Cornelis Hugo
Hugo Cornelis
Susarra Susanna
Petronella Johanna
Daysie
Hanna
Cornelia

Ek het regtig hulp nodig met die een. Is daar rekord van die Kaapse Rebelle? Ek kan nie dink hoe om die legkaart te voltooi nie.

Groete
Anina

J Andrew Kok
Departement Inligting- en Kennisbestuur
Universiteit van Johannesburg
Posbus 524
AUCKLANDPARK
2006

011 - 489 2190 (W)
011 - 489 2822 (F)

Message: 16
Date: Mon, 9 Jan 2006 09:32:38 +0200
From: "willieta" <willieta@xnets.co.za>
Subject: Re: SLAG VAN BLAAUWBERG - HUMAN, MOSTERT, SWART, THEUNISSEN, LINDE, PIETERSE, DE KOCK EN RABE

Daniel,

Meld die boek enige iets oor wat die persone se dapperheid sou wees?

Beide De Kock en Theunissen kom in my familie lyn voor en ek het 'n familiestorie dan een van die twee persone die Held van Blaauwberg genoem is. Hy het glo die aand sy been aan sy perd se been vasgemaak toe hulle gaan slaap het en die perd het hom gewaarsku dat die vyand in aantog was en kon hy die res van die manne waarsku. Ongelukkig was ek jonk toe ek die storie gehoor het, het nie besonderhede aangeteken nie (nie geweet van beter nie!) en tante wat dit vertel het, is lankal oorlede. Ek probeer al jare om die bevestiging daarvan te kry. Ek het dit dat dit oom Willie Theunissen was.

Indien die boek meer besonderhede vermeld, sou ek graag wou weet wie die uitgewers is, sodat ek die boek kan probeer bekom.

Groete,

Willieta

----- Original Message -----
From: "Daniel Jacobs" <dmjacobs@gendata.co.za>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Sunday, January 08, 2006 4:25 PM
Subject: [SA-Gen] SLAG VAN BLAAUWBERG - HUMAN, MOSTERT, SWART, THEUNISSEN,

LINDE, PIETERSE, DE KOCK EN RABE

Beste Andre

Met 'n vinnige deurblaai deur DW Krynaau se boek Beslissing by Blouberg. Triomf en tragedie van die stryd om die Kaap, Tafelberg, 1999 het ek op bl. 99 die volgende raakgelees:

Daar is na die slag aanbeveel dat "die volgende burgers wat hulle dapper gedra het op die slagveld" plase toegeken moes word nl. "ritmeesters Linde en Human, kapteins S.D. de Kock en N. Linde en manskappe P. Pieterse, K Swart, J Rabe, D. Lourens en M.W. Theunissen. Burgers H.J. Human en P. Mostert kry ook plase as blyke van waardering vir die dienste van hulle broers Jurie Johannes Human en Johannes Mostert, wat in die slag gesneewel het."

Groete

Daniel Jacobs
Webtuiste: www.gendata.co.za
E-pos: dmjacobs@gendata.co.za
Tel: 0842499579

Siebrits/du Toit/Meyer/Zeeman/De Villiers (Franschhoek/Paarl)
Jacobs/Oberholster/Smith (Graaff-Reinet/Fauresmith)
Le Roux/Van der Merwe (Villiersdorp)
Louw/Brink (Kaapstad/Wellington)
De Vos (De Doorns/Wellington)
Malan (Wellington/Zeerust)
Ungerer (Swellendam)
Smith (Wellington)

----- Original Message -----

From: "sastamouers" <andre@rensburg.com>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Sunday, January 08, 2006 10:23 AM
Subject: [SA-Gen] Re: SLAG VAN BLAAUWBERG DIE NAWEEK HERDENK - DIE BURGER WES-KAAP

Hallo Kammie,
Ja dit is hier waar ons as genealoe 'n bietjie kan help, want ons stel ook belang in ons voorgeslagte wat voorheen maar net in die voetnotas verskyn het (Kammie, 'n baie mooi woordebeskrywing).

Blykbaar was daar 54 "Javanese artillerymen". volgens Tim Cousens:
http://battle.blaauwberg.net/battle_of_blaauwberg_by_tim_cousens.php

"He had some 16 field guns manned by 54 Javanese artillerymen called Mardykers (a name derived from Campon-Mared, an area in the East Indies). One hundred slaves also helped in the moving of the artillery"

Daar is ook op die webwerf die volgende bladsy wat inligting verskaf oor die "Cannon Association of SA", dalk kan hulle help met die goeie vrae wat jy vir Majoor Steenkamp gevra het.
http://battle.blaauwberg.net/cannon_association_of_south_africa.php

Hulle kontak word gegee as:
Gerry de Vries : Acting Secretary - noongun@mweb.co.za
www.geocities.com/noongun

Op die selfde webwerf
http://battle.blaauwberg.net/the_treaty_tree.php
Word daar gepraat van die "treaty tree", mbt die Slag van Blaauwberg. Maar my oog het op die volgende baie interessante stukkie inligting geval:

"The nearby milkwood tree, miraculously preserved, goes back to the

early 1500's when it was known as the "Old Slave Tree". In 1509, 64 of d'Almeida's Portuguese sailors were massacred by the Hottentots near the tree.

At the end of the last century there still lived in Woodstock a lady, Rachel Bester, who had seen the slave dealers proclaiming the qualities of their human goods under that tree. Slaves were hanged from the huge branches during Rachel's childhood.

The tree has now been securely fenced to save it from the fate of another aged tree, which was chopped up for firewood in recent years."

Hier wag 'n taak vir iemand, om die foto te kry van die boom en dan op ons fotki databank te gaan bewaar. Hierdie is mos van onskatbare geskiedkundige waarde.

Groete
Andre v R

Kammie <kammie@n...> wrote:

>
> Hi Andre
>
> Tydens 'n gemeenskap radio onderhoud by Melbosstrand het ek juis die
> vraag aan Majoor Willem Steenkamp, die militere historikus gerig rondom
> die lys van vermiste name mbt die gewone lede van die Javaansche
> Artillerie wat aan die veldslag deelgeneem , sodat hulle onthou en erken
> kan word as meer as 'n voetnota in Suid Afrikaanse geskiedskrywing.
>
> Verder wou ek by hom weet op watter gronde is besluit om waardevolle
> militere hardware soos die kannone toe te vertrou aan vrywilligers
> verbonde aan die Javaansche Artillerie wat intensiewe opleiding vereis.
> Wat was die kriteria vir werwing van sodanige vrywilligers ? Moes hulle
> 'byvoorbeeld n goeie oog en hand ko-ordinasie openbaar of goeie afstand
> skattings maak by die vuur van die mobiele Lantaka kanonne of was hulle
> alreeds bekend met die hantering van die Indonesiese ingevoerde Lantaka
> kanonne?
>
> Kammie
> Kaapstad

Message: 17

Date: Mon, 09 Jan 2006 09:34:32 +0200

From: "Johan Pottas" <pottasj.rd@mail.uovs.ac.za>

Subject: Salomon van den Berg X Maria du Plessis

Dagsê almal

Ek is terug op kantoor na 'n maand. Ek het reeds einde laasjaar navraag oor onderstaande gesin gedoen, maar dalk het iemand dit gemis. Dra enige een van julle enige kennis van die gesin.

Baie dankie

Family Group Record

=====

Husband: Salomon VAN DEN BERG

Birth: abt 1845
Death:
Burial:
Marriage:

=====

Wife: Maria DU PLESSIS

Birth: 1851 Heidelberg, Wes-Kaap
Death: 8 Nov 1891 Oudtshoorn, Wes-Kaap
Burial:

=====

Children

=====

1 F Leentje VAN DEN BERG
Birth: abt 1871
Death:
Burial:
Marriage:

2 M Josephus VAN DEN BERG
Birth: abt 1873
Death:
Burial:
Marriage:

3 F Sophia VAN DEN BERG
Birth: abt 1875
Death:
Burial:
Marriage:

4 F Martha VAN DEN BERG
Birth: abt 1877
Death:
Burial:
Marriage:

5 F Elizabeth VAN DEN BERG
Birth: abt 1879
Death:
Burial:
Marriage:

6 M Salomon VAN DEN BERG
Birth: abt 1884
Death:
Burial:
Marriage:

=====

Prepared 4 Jan 2006 by:
Johan Jacob Pottas
Posbus 34559
Faunasig
Bloemfontein 9325
051-5227329 / 0825693727

=====

FAMILY NOTES

Marriage: (KAB MOOC 6/9/449.1394)

HUSBAND NOTES: Salomon VAN DEN BERG

Birth: (KAB MOOC 6/9/449.1394)

WIFE NOTES: Maria DU PLESSIS

Birth: (KAB MOOC 6/9/449.1394) Sy is gebore op 'n plaas in die distrik.

Death: (KAB MOOC 6/9/449.1394) Sy sterf in hul huis op erf C XIX. Ten tye van haar dood

besit hulle driekwart van erf C XIX, Oudtshoorn. Haar sterfkennis word eers op 17 April 1902 te Oudtshoorn geteken deur haar man.

General: (KAB MOOC 6/9/449.1394) Sy is die dogter van Piet du Plessis en Leentje Pieterse. Sy is 'n diensmeisie.

Johan J Pottas Rekensentrum UV

Tel: +27-51-4012767 werk

Tel: +27-51-5227329 huis

Tel: +27-825693727 sel

Faks: +27-51-4012765 werk

Posbus 34559, Faunasig, 9325

<http://pottassjj.com/files/index.php>

Message: 18

Date: Mon, 09 Jan 2006 09:39:25 +0200

From: "Johan Pottas" <pottasj.rd@mail.uovs.ac.za>

Subject: WJ van den Berg X HJA Gouws 2de X CR Cowell

Dagsê almal

Hier is ek weer met die gesin terug. Nou wil ek graag weet wie haar ouers is? Kyk die notas by Wifes Notes.

Groete

Family Group Record

=====

Husband: Willem Johannes VAN DEN BERG

Birth: 27 Jul 1819

Chr: 29 Aug 1819 Kaapstad, Wes-Kaap

Death: 17 Jul 1868 Prins Albert, Wes-Kaap

Burial:

Marriage: 5 Jul 1852 Beaufort-Wes, Wes-Kaap

Father: Willem Theodorus VAN DEN BERG (b 1791)

Mother: Anna Hendrina LOCHNER (b 1798)

Other spouse: Caroline Robinson COWELL

=====

Wife: Hester Johanna Adriana GOUWS

Birth: 29 Oct 1836 Prins Albert, Wes-Kaap

Death: 15 Nov 1860 Prins Albert, Wes-Kaap

Burial:

=====

Children

=====

1 M Willem Theodorus VAN DEN BERG

Birth: 31 Aug 1855

Death:

Burial:

Spouse: Elizabeth Johanna VAN VUUREN (m 9 Sep 1878)

2 F Anna Hendrina VAN DEN BERG

Birth: 19 Dec 1857

Death:

Burial:

Spouse: Theodor Christoph HESSE a1 (m 22 Aug 1877)

Spouse: George PILKINGTON (m 10 Sep 1884)

=====
Prepared 2 Jan 2006 by:
Johan Jacob Pottas
Posbus 34559
Faunasig
Bloemfontein 9325
051-5227329 / 0825693727
=====

FAMILY NOTES

Marriage: (KAB MOOC 13/1/249.86) (KAB MOOC 13/1/249.86) (KAB MOOC 6/9/.. .8282)

HUSBAND NOTES: Willem Johannes VAN DEN BERG

Birth(1):

Chr(2):

Death: (KAB MOOC 13/1/249.86) Hy sterf op die plaas Smith's Kraal. In sy testament bemaak hy 1500 morge aan sy kinders uit sy eerste huwelik sodra hulle mondig is en 1000 Pond aan die boedel oorbetaal het. Hy bemaak 822 morge aan sy twee kinders uit sy tweede huwelik wat die gedeelte met die opstal insluit. (KAB MOOC 13/1/351.20) Teen 2 September 1878 word die geskatte warde van die 1500 morge aangedui as 3020 Pond.

WIFE NOTES: Hester Johanna Adriana GOUWS

Birth: (KAB MOOC 13/1/249.86) (KAB MOOC 13/1/249.86) (KAB MOOC 6/9/.. .8282) Sy is gebore op die plaas Smithskraal.

Death: (KAB MOOC 13/1/249.86) (KAB MOOC 13/1/249.86) (KAB MOOC 6/9/.. .8282) Sy sterf

op die plaas Smithskraal. Ten tye van haar dood besit hulle die plaas Smithskraal, Prins Albert, 3972 morge en 300 vierkante roede groot.

General: (KAB MOOC 6/9/.. .8282) Sy is die dogter van Stephanus Gouws (Gouwsch), Ockert

zoon en Johanna Adriana Smit (gebore Bezuidenhout). (SAG 2 p491 c Stephanus = 02/10/1787 seun van Ockert Gouws en Magdalena Gous?) SAG 1 p267 c Johanna Adriana = Swellendam x George20/12/1821 Carel Lodewyk Smit?)

CHILD NOTES: Willem Theodorus VAN DEN BERG

Birth(3): (KAB MOOC 13/1/249.86)

CHILD NOTES: Anna Hendrina VAN DEN BERG

Birth(4): (KAB MOOC 13/1/249.86)

SOURCES

1. J.A. Heese and R.T.J. Lombard. South African Genealogies Vol 1: A-C. Pretoria, Human Sciences Research Council. 1986. p229 c.
2. Ibid. p229 c.
3. Ibid. p229 c.
4. Ibid. p229 c.

Johan J Pottas Rekensentrum UV

Tel: +27-51-4012767 werk

Tel: +27-51-5227329 huis

Tel: +27-825693727 sel

Faks: +27-51-4012765 werk

Posbus 34559, Faunasig, 9325

<http://pottassjj.com/files/index.php>

Message: 19

Date: Mon, 9 Jan 2006 09:48:11 +0200

From: "Becky Horne" <beckyjh@telkomsa.net>

Subject: Johannes [John] Wilhelmus HILL

Hallo Dennis en lede van SA-Gen

Sjoe! Ek sukkel om hierdie navraag te pos. Ek is 'n engelse meisie en probeer so hard, maar gebruik die 'delete' knopie te veel. Dis al 'n

nuwe jaar en ek het nog nie kennis gemaak nie. Ek kan nie meer vasbyt nie en hoop ek sal verskoon word as ek in Engels oorslaan.

Firstly Dennis, thanks for a wonderful List. You have been truly blessed to have such a happy band of subscribers. For those of you that don't know me, my name is Becky, hailing from the Cinderella city of South Africa, Port Elizabeth. I'm the List Owner of EC and I see that a few of our transcribes have also found a home at SA-Gen. [Thanks Dennis!].

My main line of research is HENWICK and HILL - the HILL link being 1820 British Settlers. So why am I here posting a query that should be on the appropriate mailing list? Charles HILL, third child of Charles HILL and Elizabeth BERESFORD? married a BEHRENS and this is where I need assistance from my Afrikaans cousins.

Charlotta Wilhelmina BEHRENS, b. abt. 1799

m1. Gerrit BROEKHUYZEN.

m2. Albany 25 Oct 1827, Charles HILL, b. abt. 1812,

Notes on Charles and Wilhelmina - Lived 'Seven Oaks' Albany;

Children:

c1. Anna Elizabeth HILL, b. 15 Mar 1829; bapt. Salem 22 Apr 1829;

m. Salem; 2 Apr 1847, C. J. J. BEHRENS, Albany (Film # 2300993)

c2. Charles Hendrik HILL, b. 7 Jan 1832, bapt. Albany 11 Jan 1832;

Lived at Grundorn, SWA [Namibia];

m1. abt. 1860 Rosina WIMMER v.d.K. [van die Kaap]

c3. Johannes [John] Wilhelmus HILL, b. 2 May 1834, bapt. Albany 23 Jun 1834

m. King William's Town;

Anna Cathrina HATTINGH, b. Cradock abt. 1840, d. Pretoria 8 Mar 1903, aged 65 yrs. 3 mths.;

d.o. Henry HATTINGH and Elize STRIJDOM

Children:

1. Elize Johanna, b. 15 Mar 1861

2. Wilhelmina Charlotta, b. 14 Oct 1863

3. Analin Elizabeth, b. 15 Sep 1865

4. Charles Henry, b. 17 May 1869

5. John Benjamin, b. 21 Feb 1871

6. Harriet Maria, b. 9 Mar 1873

7. Arthur Ungeraar, b. 10 Feb 1877

8. Mabel Francis, b. 20 Dec 1879

I'm trying to connect Johannes Wilhelmus HILL back to Charles HILL, jnr. but no luck as yet, as I've had no luck tracing a DN entry in the Archives for him. I might be a bit off track deciphering the DN, so if anybody would like a copy to check the above entry, I'll be most grateful regarding verification.

En na daardie groot mondvul, ek hou duimvas dat klokkies sal lui, en dat iemand kan my verder verwys na 'n leidraad.

Beste wense

Becky

Message: 20

Date: Mon, 09 Jan 2006 09:58:25 +0200

From: "Johan Pottas" <pottasj.rd@mail.uovs.ac.za>

Subject: O'Reilly

Dagsê almal

Dalk is daar iemand vir die onder staande O'Reilly data van belang kan wees, Dit het nie my probleem of vroeë opgelos nie dalk help dit 'n volgende persoon.

Groete

MOOC 6/9/362.817
JOHN FRANCIS O'REILLY
Born: W*.rivier
Father: John Galvier O'Reilly
Mother: Marianne Wilhelmina (born Van Zyl)
Aged: 7 years 7 days
Date of death: 29 May 1896
Place: Groen Rivier, District Calvinia
Property: Money
Signed at W*rivier, District Calvinia on 17 March 1897 by J.G. O'Reilly (father)

MOOC 6/9/492.376
JOHN O'REILLY
Born: Port Elizabeth
Father: Thomas O'Reilly
Mother: Anne O'Reilly
Aged: 46 years 11 month
Occupation: Bricklayer
Marital status: Married to Christina O'Reilly
Date of death: 24 November 1903
Place: His late residence Vlei Post, Port Elizabeth
Children: 1. Annie 2. Thomas 3. George 4. Christina 5. Johan 6.
Rose 7. Anthony 8. Mitha
Property: Landed property and furniture
Signed at Port Elizabeth on 17 December 1903 by the X mark of Christina O'Reilly

MOOC 6/9/513.3461
JOHN ROBERT O'REILLY
Born: Grahamstown
Father: James O'Reilly
Mother: Ida O'Reilly
Aged: 72 years 11 months
Occupation: Trader
Marital status: Married to Henrietta Sarah Renon
Previously married to Maria *(unknown) who died in 1883
Date of death: 27 November 1904
Place: At his residence Magopela, District Taungs, B.B.
Children:
First marriage: 1. Johan Robert 2. Alfred 3. Caroline Maria 4.
Florence 5. Annie
6. Maria
Second marriage: 7. Albert James Stanley 8. Anthony Robert Cecil 9. Ronald
Allen Fraser
10. Terence Henry
Property: Erf No. 1 Taung Station, Residence and Store, Magopela
Signed at Taung B. Bechuanaland on 1 December 1904.

MOOC 6/9/644.1423
ANNIE SO[PHIA O'REILLY (born VAN DEN BERG)
Born: District of Graaff Reinet
Father: Abraham Sarel van den Berg
Mother: Susara van den Berg
Aged: 41 years 2 months
Occupation: Farmer's wife
Marital status: Married to John Robert O'Reilly
Date of death: 18 November 1909
Place: Thlaming, District Taungs
Children: 1. John Egidion 2. Emily 3. Edward 4. Annie 5. Maria 6.
Bristel 7. Ivy 8. Abraham Sarel van den Berg
Property: Movable and immovable
Signed at Vryburg on 22 February 1910 by John R. O'Reilly

Johan J Pottas Rekensentrum UV
Tel: +27-51-4012767 werk
Tel: +27-51-5227329 huis
Tel: +27-825693727 sel
Faks: +27-51-4012765 werk

Posbus 34559, Faunasig, 9325
<http://pottassjj.com/files/index.php>

Message: 21

Date: Mon, 09 Jan 2006 09:55:56 +0200

From: "Johan Pottas" <pottasj.rd@mail.uovs.ac.za>

Subject: van den Berg x Schippers

Dagsê almal

Ek sukkel met onderstaande sterfkennis inligting wat ek ontvang het, dalk is daar iemand wat met die gesin dalk al gewerk het, wat die deurmekaarspul kan opklaar vir my.

Groete

MOOC 6/9/739.184

(Information is confusing regarding the husband! * not sure whether he is alive or dead)

MARIA VAN DEN BERG (born SCHIPPERS)

Born: Kymore, Stellenbosch

Father: Dirk Schippers

Mother: Flora Schippers

Aged: 28 years

Residence: Stellenbosch

Marital status: "Öngehuwd" * was married to Titus van den Berg who died February 1912- see

signature to D.N

Date of death: 8 February 1912

Place: Grand Lily, Stellenbosch

Children: 1. Child deceased 2. Jan Schippers 3. Jacobus Schippers

Property: None

Signed at Stellenbosch on 26 January 1914 by Titus van den Berg

Johan J Pottas Rekensentrum UV

Tel: +27-51-4012767 werk

Tel: +27-51-5227329 huis

Tel: +27-825693727 sel

Faks: +27-51-4012765 werk

Posbus 34559, Faunasig, 9325

<http://pottassjj.com/files/index.php>

Message: 22

Date: Mon, 09 Jan 2006 09:53:08 +0200

From: "Johan Pottas" <pottasj.rd@mail.uovs.ac.za>

Subject: van den Berg X Dirker

Dagsê almal

Kan iemand my dalk help met wie Johan Andries Dirker en wie sy ouers is?

Groete

MOOC 6/9/459.3374

SUSANNA HERMINA CATHARINA DIRKER

Born: District of Oudtshoorn

Father: Johannes van den Berg

Mother: Magdalena van den Berg

Aged: 20 years 11 months

Marital status: Married to Johan Andries Dirker

Date of death: 23 July 1902

Place: At Schuit (?) Krans, District of George of Johan Andries Dirker

Child: Johan Frans Dirker

Property: None
Signed at George on 23 September 1902 by J.A. Dirker (Surviving Spouse)

Johan J Pottas Rekensentrum UV
Tel: +27-51-4012767 werk
Tel: +27-51-5227329 huis
Tel: +27-825693727 sel
Faks: +27-51-4012765 werk
Posbus 34559, Faunasig, 9325
<http://pottassjj.com/files/index.php>

Message: 23
Date: Mon, 09 Jan 2006 09:49:54 +0200
From: "Johan Pottas" <pottasj.rd@mail.uovs.ac.za>
Subject: Snyman x onbekend

Dagsê almal

Kan iemand my dalk help om die vrou se nooiensvan te kan identifiseer en met watter Snyman sy eerste getroud mee was. Ander aanvullende inligting sal ook waardeer word.

Groete

MOOC 6/9/288.4
ANNA SUSANNA VAN DER BERG (born: Unknown)
Born: Unknown
Parents: Unknown
Aged: 43 years 2 months
Occupation: Farmer's wife
Marital status: Married to Barend van der Berg
Date of death: Wednesday 3 December 1890
Place: At the farm Kareeboschpoort, district of Richmond
Children:
1. Louis Snyman
2. Jan Snyman
3. Johannes Snyman
4. Marthinus Snyman
5. Gert Snyman
6. Jacobus Snyman
7. Annie Snyman
8. Geertruida Snyman
9. Maria Louisa Magdalena van der Berg
Property: Movable
Signed by B. van der Berg

Johan J Pottas Rekensentrum UV
Tel: +27-51-4012767 werk
Tel: +27-51-5227329 huis
Tel: +27-825693727 sel
Faks: +27-51-4012765 werk
Posbus 34559, Faunasig, 9325
<http://pottassjj.com/files/index.php>

Message: 24
Date: Mon, 9 Jan 2006 12:52:07 +0200
From: "Alida Theron" <alida@airtimeproductions.co.za>
Subject: Scheepers x Vogel

Beste lystersaars

Kan die Scheeperskeners asseblief na hierdie drie vrae kyk?

1. (SAG 10 p. 467): P.J. VOGEL (moontlik P.L. vir Philip Lodewyk) x Johanna Cornelia Hermina SCHEEPERS * 12.05.1847 Boesmansrivier

= 08.08.1847 Uitenhage + 15.05.1878 Panmuze.

WAAR IS PANMUZE? Enige verdere inlgtng omtrent P.J / P.L. Vogel?

2. Ek soek ook bevestiging van hierdie vrou se name en van:

Johannes Hendricus Vogel ("Wolverdiend", Alexandria) * 1.2.1870 + Hospitaal,
PE 9.6.1949 (79.4) SK KAB MOOC 6/9/16170.3284/49 # Alexandria x Alexandria
Susanna Hendrika (Susanna Coenradina Scheepers op sy SK; haar grafskrif gee
haar nooiensvan aan as Scheepers) VAN ROOYEN * 16.8.1876 + 14.2.1956 #
Alexandria (dv. Johannes Jacobus Van Rooyen

* 22.11.1853 + 18.7.1934 x 30.11.1875 Jacoba Catharina Scheepers (1856-1922)

3. Wat was hierdie ma se nooiensvan?

Theunis Jacobus Theodorus Vogel * Distrik Alexandria c. 1875 + "Zoekamma"
17.11.1918 (43) SK KAB MOOC 6/9/1331.5826 x Paterson Isabella Jacoba
Wilhelmina SCHEEPERS * Distrik Alexandria c. 1895 + "Zoekamma" 19.11.1918
(23.2) SK KAB MOOC 6/9/1331.5827 (dv. Willem Johannes Scheepers en Isabella
Jacoba Wilhelmina NN)

Baie dankie

Alida

--

No virus found in this outgoing message.

Checked by AVG Free Edition.

Version: 7.1.371 / Virus Database: 267.14.15/223 - Release Date: 2006/01/06

Message: 25

Date: Mon, 9 Jan 2006 12:47:58 +0200

From: Paul Maré <Paul.Mare@telkomsa.net>

Subject: RE: Wilhelmina Johanna Erasmus gebore Frey

Hallo Elizabeth

Ek weet nie wie doen die Engelbrechts nie - maters op Erasmus-sa en
SAGenealogie, kan julle dalk help?

Groete

Paul

From: Elizabeth [<mailto:patriot.afrikaans@elisanet.fi>]

Sent: Sunday, January 08, 2006 3:07 PM

To: Paul Mare

Subject: Wilhelmina Johanna Erasmus gebore Frey

Goeiemiddag Paul,

Waar kan ons bevestiging gekry oor Engelbrecht's. Ek begin wonder of
Wilhelmina Johanna * Frey x Nicolaas Johannes Erasmus nie miskien die ene
Wilhelmina Johanna xx Hermanus Stephanus Engelbrecht is nie. Die trou datum
sal interressant wees om vas te stel.

Groetnis

Elizabeth Teir

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Digest Number 1184
Date: 09-01-2006 14:22:57

There are 2 messages in this issue.

Topics in this digest:

1. Hoe om 'n Familie Reünie te Reël
From: "Herman Labuschagne" <genealogy@sfmetalpressings.com>
2. RE: Brixton en Wespark begraafplase
From: "Herman Labuschagne" <genealogy@sfmetalpressings.com>

Message: 1

Date: Mon, 9 Jan 2006 13:13:32 +0200
From: "Herman Labuschagne" <genealogy@sfmetalpressings.com>
Subject: Hoe om 'n Familie Reünie te Reël

Beste vriende,

Ek hoop almal is reg om die nuwe jaar se navorsing aggressief en met passie aan te val en verwoed te verwerk. Tyd is min en die werk is baie, maar waar daar 'n passie is, is daar net plesier wat voorlê.

Ek wil graag raad vra omtrent reëling van 'n familie reünie. Ek het ook gedink dat die onderwerp waarskynlik vir ons almal se opvoeding sal wees, so ek hoop ons kan dit dalk bietjie op die poslys bespreek.

Ons Labuschagnes wil graag teen einde Feb/Maart die eerste ooit landswye familie reünie reël. Die oogmerk is die stigting van 'n familie bond, die registrasie van 'n familie wapen vir die hele familie, en die beplanning van verrigtinge vir die 300-jarige stamplanting van die Labuschagne familie in Suid-Afrika.

Dit wil voorkom asof Johannesburg of Pretoria die mees-sentraalse bymekaarkomplek vir mag wees, so mens sal moet kyk vir 'n lokaal wat min of meer hier geleë is. Ons beplan om die reünie redelik wyd te adverteer, maar ek sal natuurlik aanvanklik geen benul hê van hoeveel mense sal belang stel nie. Gewoonlik sê baie mos hulle kom, maar min daag op. Dis 'n siekte in ons Afrikaners se karakter waarvoor daar nie pille is nie.

Wat ek graag wil weet is of iemand wat al so iets aangepak het, 'n paar wenke het om te deel? En of daar dalk voorstelle is van geskikte lokale vir so 'n samekoms? Uit die aard van die saak is dit nie 'n kommersiële saak nie, so koste is 'n oorweging. En aangesien dit 'n dag-verrigting is sal mens seker 'n middag-ete wil kan nuttig. Ek sou raai mens moet mik vir enigiets tussen 50 en 150 mense. My eerste gedagte was die Voortrekker Monument. Weet iemand dalk of hulle fasiliteite geskik is, of hulle bereidwillig is om sulke geleenthede aan te bied, of spysenier gereël kan word, en of die lokaal 'n arm en 'n been sal kos? Sonie weet iemand dalk van 'n ander, meer-geskikte lokaal.

Verder is ek seker ons poslyste sal bereid wees om die nuus aan te kondig sodra die presiese datum gefinaliseer is. Weet iemand dalk egter van ander internet portale of ander media waar die nuus bekend gemaak behoort te word? Ek het so 'n paar idieës, maar miskien is dit goed dat ons dit hier bespreek sodat ons mekaar kan slimmer maak.

Enige ander voorstelle sal ook waardeer word.

Ek sien uit om reaksie te hoor.

Beste wense,

Herman Labuschagne, Jhb

Mellivora@hotmail.com

Message: 2

Date: Mon, 9 Jan 2006 13:38:22 +0200

From: "Herman Labuschagne" <genealogy@sfmetalpressings.com>

Subject: RE: Brixton en Wespark begraafplase

Hallo Annelie,

Dankie vir jou vriendelike aanbod. Ek sukkel vreeslik met Johannesburg se Labuschagnes, so as jy dalk enige Labuschagne grafte raakloop en wil fotografeer sal ek baie dankbaar wees. Ek kan jou dalk ruil vir Vermaak grafte uit Piet Retief en Utrecht (as jy nie Utrecht s'n al op die Begraafplaasprojek se Cd s'n gekry het nie).

Laat weet maar net. Met jou ander vanne van belangstelling het ek nie eintlik 'n raakpunt nie.

Groete,

Herman Labuschagne

-----Original Message-----

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [<mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com>] On Behalf Of Annelie Els

Sent: 07 January 2006 06:37 AM

To: SA-GEN (Poslys)

Subject: [SA-Gen] Brixton en Wespark begraafplase

More medegeners,

Paul en ek is DV van plan om Dinsdag by die Brixton en Wespark begraafplase 'n draai te gaan maak. Is daar iemand wat fotos van iemand se grafte daar soek.

Groetnis

Annelie

Paul en Annelie Els

Valhalla

Pretoria

Posbus 21670

Vahalla 0137

Paul Grootjies

ELS - VAN SCHALKWYK - BADENHORST- ENGELBRECHT

ELS - VERMAAK - RAINER - BRUYNS

Annelie Grootjies

V.D.HEEVER - STASSEN - LIEBENBERG - BADENHORST

VREY - SCOTT - VILJOEN - V.D. BERG

From: SAGenealogie@yahoogroups.com
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Digest Number 1185
Date: 10-01-2006 10:08:00

There are 25 messages in this issue.

Topics in this digest:

1. NEL
From: "alta le roux" [<altaler@odn.co.za>](mailto:altaler@odn.co.za)
2. RE: Hoe om 'n Familie Reünie te Reël
From: "mariana" [<mesterhuysen@telkomsa.net>](mailto:mesterhuysen@telkomsa.net)
3. PANMUZE
From: "Richard Y Ford" [<ryford@iafrica.com>](mailto:ryford@iafrica.com)
4. LABUSCHAGNE REÜNIE
From: "Richard Y Ford" [<ryford@iafrica.com>](mailto:ryford@iafrica.com)
5. RE: PANMUZE
From: "Alida Theron" [<alida@airtimeproductions.co.za>](mailto:alida@airtimeproductions.co.za)
6. WENKE: 'n Familiereünie
From: "Johann De Bruin" [<cjohann@heilbron.co.za>](mailto:cjohann@heilbron.co.za)
7. Fw: TelkomInternet Power supply upgrade.
From: "Petrus Fourie" [<pjf@telkomsa.net>](mailto:pjf@telkomsa.net)
8. Re: Hulp benodig
From: Ariel Rudolph [<ariel.rudolph@gmail.com>](mailto:ariel.rudolph@gmail.com)
9. Re: [BP] Pieterse x v d Merwe
From: "gpieterse" [<gpieterse@intekom.co.za>](mailto:gpieterse@intekom.co.za)
10. MARAIS/VERMEULEN.
From: "Johan Vermeulen" [<jverm@lantic.net>](mailto:jverm@lantic.net)
11. Re: Hulp benodig
From: "Dennis Pretorius" [<krugersdorp@pixie.co.za>](mailto:krugersdorp@pixie.co.za)
12. Re: van den Berg X Dirker
From: "alta le roux" [<altaler@odn.co.za>](mailto:altaler@odn.co.za)
13. 'Wie zoekt Wie' nieuwe mailgroep
From: "Dik Groenhuizen" [<dikgroenhuizen@yahoo.com>](mailto:dikgroenhuizen@yahoo.com)
14. Janse van Rensburg familie
From: "wilhelmjvrensborg" [<wilhelmjvrensborg@yahoo.com>](mailto:wilhelmjvrensborg@yahoo.com)
15. Heidelberg - HPFJ van Rensburg
From: "sastamouers" [<andre@rensborg.com>](mailto:andre@rensborg.com)
16. MALAN/VERMEULEN.
From: "Johan Vermeulen" [<jverm@lantic.net>](mailto:jverm@lantic.net)
17. FW: This is why I can't find my ancestors!!
From: "Adriana Barrett" [<ambarrett@intekom.co.za>](mailto:ambarrett@intekom.co.za)
18. begraafplaas Kromdraai, distr Lindley
From: "Alta Roux" [<rroux@yebo.co.za>](mailto:rroux@yebo.co.za)
19. Beeld van 10 Jan.2006
From: "Blikkies" [<fanie@blignaut.co.za>](mailto:fanie@blignaut.co.za)
20. The Mercury Maan.9 Jan 2005
From: [<am.queb@mweb.co.za>](mailto:am.queb@mweb.co.za)
21. The Mercury Dins 3 Jan 2006
From: [<am.queb@mweb.co.za>](mailto:am.queb@mweb.co.za)
22. The Mercury Don 5 Jan 2006
